DIE BURGER

13 March 2007

Woolies wys sy kleur oor organiese katoen

Louise Steyn, Kaapstad

Die kos-en-klerekleinhandelaar Woolworths gaan hom skaar by die internasionale kleinhandelaars wat hul rakke met klere van organiese katoen volmaak.

Volgens mnr. Emil Grey, Woolworths se tegniese bestuurder van mans- en kinderklere, sal dié groep sy verkope van organiesekatoenklere teen 2012 oor die R1 miljard-kerf stoot. Tans beloop sy verkope van dié klere R73 miljoen.

Grey se voorlegging oor internasionale kleinhandeltendense in die klerebedryf met betrekking tot omgewings- en maatskaplike bewustheid was gister deel van die ontwikkelingsagentskap ComMark Trust se konferensie oor hoe om markte vir die armes in Suider- en Oos-Afrika te laat werk.

Woolworths se verwagte groter aanbieding van organiesekatoenklere is ook in ooreenstemming met die groei in verwagte internasionale verkope van organiese katoen. Volgens syfers wat Grey van die ontwikkelingsorganisasie Organic Exchange gekry het, sal verkope na verwagting vanjaar $1,9 miljard (sowat R14 miljard) bereik en in 2008 tot $2,6 miljard klim.

Woolworths skaar hom dus by internasionaal bekende handelsmerke en kleinhandelkettings soos Patagonia, Levi's, Nordstrom, Timberland, Nike, Wal-Mart en Marks & Spencer wat ook al hoe meer organiesekatoenklere vir hul kliënte begin bied.

Volgens Grey gaan die skuif van gewone na organiese katoen egter oor meer as net die toenemende belangstelling daarin.

Hy het ook in sy voorlegging met verwysing na klimaatsverandering wat 'n al groter bedreiging word, klem gelê daarop dat maatskappye hul manier van sake doen, sal moet verander.

Volgens Grey raak dit dus ál belangriker dat maatskappye ekonomiese, omgewings- en gemeenskapsfaktore in berekening begin bring. Hy meen hoewel dit nie maklik gaan wees nie, sal die oorskakeling van gewone katoen na organiese katoen gedoen moet word omdat gewone katoenproduksie op groot skaal van chemikalieë gebruik maak.

Grey het ook gesê dat die geleenthede wat organiesekatoenproduksie bied, nie misgekyk moet word nie en dat hulle tans daarna kyk om klein boerderye te vind wat vir hulle kan produseer. Hulle beplan om met die regering te praat om moontlik dié tipe boerdery te subsidieer.

Op 'n vraag of organiesekatoenklere bloot 'n modetendens is en dit die gevaar inhou dat kleinboere gevolglik nie hul katoen verkoop sal kan kry nie, het Grey gesê organiese katoen is nie 'n modeneiging nie – dit sal eerder 'n fundamentele manier van sake doen word.